

31 Januarie

1 Konings 17:1-7, (Teks: 17:6)

God stuur voorrade op Sy tyd

Dit was 'n donker tyd in die geskiedenis van Israel. Agab was koning. Sy vrou Isebel kom uit Sidon, daar waar die Baalgodsdiens in die sentrum was. In daardie tyd word Jerigo se mure weer opgebou want niemand het meer respek vir God gehad nie (lees 1 Kon 16:29-34). Dit word soms so donker ook in ons tyd. Daar is so min respek vir God en sy Woord.

God gryp in deur die lewe van Elia: Hy stuur hom na Agab om aan te kondig dat daar vir die volgende paar jaar geen dou of reën sal wees nie. Hy stuur die profeet weg om hom te gaan versteek in Kritspruit, anderkant die Jordaan. God belowe aan Elia: Hy kan water uit die spruit drink en Hy het die kraaie beveel om daar vir hom te sorg. God leer vir Elia: God gryp in, Hy beheer alles en Hy sorg. Hy sal laat reën op sy tyd, Hy gee veiligheid op sy tyd, Hy gee kos op sy tyd.

Hoeveel keer het God al die kraaie gestuur om in jou lewe te voorsien? Alles kan soms so hopeloos lyk en dan sorg die Here op 'n wonderbaarlike manier. Soms moet jy lank wag. Soms is jy alleen soos Elia. Weet net dat die Here sorg. Hy het in Jesus duidelik gemaak hoe lief Hy 'n wêreld in sonde het deur sy Seun vir ons te gee. Glo in Hom en wees seker dat die Here sorg.

Sing: Psalm 18:13

Dr. A.G.S. Venter (Randburg-Oos)